



# Wat doen Stellenbosch vir Afrikaans?

## Dis wat ons doen!

- Uitgebreide navorsing en onderrig oor die Afrikaanse taal en letterkunde in die grootste departement Afrikaans en Nederlands in die land
- 'n Taalsentrum waarvan die Eenheid vir Afrikaans op beduidende skaal meewerk aan die bevordering van akademiese geletterdheid in Afrikaans en die verwerping van Afrikaans onder nie-Afrikaanstaliges
- 'n Afrikaanse skryflaboratorium wat jaarliks deur honderde studente besoek word
- Afrikaanskursusse vir studente in verskillende fakulteite
- Afrikaanskursusse vir buitelandse studente (wat in groot getalle bygewoon word en getalle wat elke jaar styg)
- Afrikaanskursusse vir dosente
- Opleiding van Afrikaansonderwysers (o.a. in Kayamandi)
- Werkswinkels in professionele kommunikasie, ook in Afrikaans
- Vertaling en redigering van leermateriaal in Afrikaans
- Tolkdienste in sommige vergaderings sodat Afrikaans gebruik kan word
- 'n Nuwe e-leerontwikkelingsprojek vir Afrikaans
- Die nou reeds beroemde Woordfees
- Die WOW-projek (Woorde open Wêreld) wat elke jaar duisende skoliere bereik
- Die Letterkunde Onderwyskomitee (LOK)-simposium
- Gereelde rubrieke en ander diskussies in die openbare media
- Werkswinkels in skryfkuns
- Colloquium Suid-Afrikaanse literatuur
- Werkswinkels in die taalprofessies
- Die Oppermangedenklesing
- Die Universiteit Stellenbosch is 'n erkende sentrum vir gevorderde navorsing in die leksikografie, ook die Afrikaanse leksikografie. Van Afrikaans se belangrikste woordeboeke is geskryf of ontwikkel deur akademici van die Universiteit en die WAT wat by die Universiteit gehuisves word (die WAT, die HAT, die Groot Tesourus van Afrikaans, ens.)
- Huisvesting van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT).

**'n Beskuldiging in die heersende debat rondom die taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch, is dat die Universiteit stelselmatig haar verantwoordelikheid teenoor Afrikaans en die Afrikaanse taalgemeenskap versaak, Aikona sê prof Leon de Stadler, Direkteur van die US se Taalsentrum en Projekleier van die Taaltaakgroep wat verantwoordelik is vir die hersiening van die Taalbeleid. Matieland het hom gevra om meer te vertel. Hy gee hiermee 'n oorsig van die bevindinge en denke van die Taaltaakgroep.**

Om 'n universiteit van formaat te wees, moet die Universiteit Stellenbosch aan 'n hele klomp prioriteite gelyktydig aandag gee, prioriteite wat wissel van die bevordering van taalvaardighede in verskillende tale tot by die besondere bemagtiging van isiXhosa as akademiese taal. En in dit alles moet Afrikaans natuurlik 'n plek hê.

- Om Afrikaans te behou as universiteitstaal impliseer 'n paar dinge. Dit impliseer in die algemeen dat ons Afrikaans posisioneer as waardige kulturele erfenis, as 'n taal wat kan vriende maak, en les bes, as 'n taal wat binne ons multikulturele werklikheid werklik bruikbaar is.
- Daarom moet ons moedertaalsprekers van Afrikaans opnuut herinner aan die waarde van hulle moedertaal en moet ons hulle akademiese geletterdheid in Afrikaans bly verbeter.
- Ons moet ook, deur middel van taalverwerwingskursusse en ander instrumente, Afrikaans beskikbaar maak vir 'n steeds groter wordende groep nie-Afrikaanssprekendes en sodoende die Afrikaanse taalgemeenskap probeer uitbrei.
- Afrikaans is natuurlik ook 'n taal tussen tale. Die Universiteit het daarom die uitdaging aanvaar om, binne die grense van dit wat haalbaar is, isiXhosa as Afrikataal te bevorder. By die US word daar hard gewerk aan 'n vakgeïntegreerde vakterminologieprojek wat drietalige (Afrikaans – as ankertaal, Engels en isiXhosa) terminologieë ontwikkel binne verskillende vakomgewings.

**Wat Afrikaans betref: Die US bly steeds verbind tot Visie 2012: “Die Universiteit bevorder Afrikaans as onderrig- en wetenskapstaal binne 'n meertalige konteks.”**

Wat Afrikaans betref: die Universiteit Stellenbosch bly steeds verbind tot Visie 2012, 'n visiestelling waarvan die vyfde punt baie duidelik is: “Die Universiteit bevorder Afrikaans as onderrig- en wetenskapstaal in 'n meertalige konteks”. Hierdie verbintenis word ook verwoord in die Universiteit se Taalbeleid, 'n beleid wat probeer om 'n volhoubare leefruimte vir Afrikaans as

universiteitstaal te definieer en dit sal aanhou doen. Maar dit klink alles nog so vaag, sal sommige sê. Wat doen ons dan in die besonder vir Afrikaans? Die Universiteit is nou al jare lank besig met spesifieke inisiatiewe wat selfs verder reik as net Afrikaans as onderrig- en wetenskapstaal, en dit doen ons binne 'n waardesisteem waarin ons Afrikaans sien as 'n kwesbare kulturele bate, maar ook as 'n ruimte met 'n besondere sosio-kulturele diversiteit wat beskerming en uitbouing verdien. In die meegaande kassie verskaf ek enkele voorbeelde.

Dat die Universiteit, wat die posisie van Afrikaans betref, 'n aktiewe rolspeler wil wees, blyk duidelik uit die beperkte oorsig wat hier aangebied word. En ons wil in die toekoms selfs nog meer doen, en dit meer gekoördineerd doen. Daar word juis op die oomblik gewerk aan 'n projek van bemagtiging in die plaaslike Afrikaanse taalgemeenskap. In hierdie projek sal daar plek gemaak word vir 'n verskeidenheid deelprojekte. Hieroor rapporteer ons later in meer besonderhede.

Wat dan is na my oordeel Stellenbosch se posisie? Dat ons ons as akademiese instansie verbonde ag tot die taal, dat ons die *totale* taalgemeenskap van Afrikaans wil dien op 'n verskeidenheid maniere, dat ons rolspelers moet wees wanneer dit kom by die bemagtiging van mense deur Afrikaans, dat ons Afrikaans nie moet hanteer op 'n wyse wat uitsluit nie, en dat ons veral moet begryp dat Afrikaans as 'n taal tussen tale moet oorleef. En om dit alles te (probeer) vermag is natuurlik nie altyd so maklik soos wat mense so graag voorgee nie. Dit vra kreatiewe en veral genuanseerde denke oor iets so kompleks soos Afrikaans binne 'n meertalige verband. ■